

# Week van waardering vir onderwysers

Die Bronnie Onnies van Hoërskool Heilbron trap groot spore in die leerders se harte, en daar is nie twee keer gedink om vir hulle te wys hoe baie die leerders dit waardeer nie. Van 12 tot 16 Augustus het leerders die hele week gebruik om vir die onderwysers te wys hoe baie hulle waardeer word. "Week van waardering vir ons onderwysers." Maandag het die leerders hulle onnies gegroet met 'n High 5 en Dinsdag het die skool se Facebook-blad gegons van die "selfies" wat die leerders saam hul onderwysers geneem het. Woensdag was 'n hoogtepunt met: trek aan soos een van jou onnies. Op die foto's kan daar gesien word hoe kreatief die leerders is. Gister is die onderwysers bederf met 'n blom of 'n plantjie net om dankie te kan sê. Vandag gaan die onnies smul aan al die lekker peuselhappies wat aan hulle voorsien gaan word. Wánt dis mos lekker om 'n Bronnie te wees!



Michaela Grobler en Mnr Johnny van der Merwe.



Christine Hendriks, Juf Saret Viljoen en Marizaan Swanepoel.



Marni Matthee, Juf Sunelle van Heerden en Megan Strydom.



Shandi Prinsloo, Juf Marlene Smith en Michelle Snyman.



Francois Els en Mnr Smith.



Melissa Kruger en Juf Sarita Fourie.



Juf Henriette Janse van Rensburg en Izany de Witt.



Rata Monyai en Juf Magda Kruger.



Elné du Plooy, Juf Sarie Strydom en Zelne Deysel.



Rouxne Roux, Juf Christelle Schoeman, Chante Saayman en Johane Jansen.



Juf. Elsabe van der Merwe en Nadene Ribeiro.



Juf Tanya van Rooyen en haar "Look-a-likes".

# Die Mouton-seuns maak geskiedenis!



Met Saterdag se verowering van die Virseker Beker deur Hoërskool Heilbron se eerste rugbyspan, het die Mouton-broers geskiedenis gemaak deurdat al drie nou betrokke was in dié gesogte kompetisie. Jan-Hendrik, ouboet en kaptein van die 2012-span in sy nr 12-trui en Martin op nr 9, het saam gespeel in die 2012 finaal, toe al wat 'n Heilbronner langs die veld was vir die tuiswedstryd. Die Wildebeeste het daardie dag met 48 – 15 teen die Blou Bulle van Curro Heuwelkruin geseëvier. Die afgelope naweek het kleinboet Sarel in die nr 13-trui as onder-kaptein uitgedraf teen die Blou Bulle van Lyttelton Manor en weer die beker huis toe help bring. Hulle pa, Mike Mouton, was by al drie seuns tot 0/13 as rugby-afgrigter betrokke. Ma Mariaan het hulle leer somme maak vir telling hou! Op die fotos vl: Martin, Sarel en Jan Hendrik Mouton.